Die Burger, 22/3/63.

191.A.1(37)

DIE NUWE WILGENHOF

(Deur die Rektor, Prof. H.B. Thom)

Soos bekend is, word die nuwe Wilgenhof-koshuis tans gebou. In die lig van die belangstelling wat allerweë in die nuwe Wilgenhof getoon word, verstrek ek graag die bygaande argitekstekening en navolgende besonderhede om aan te toon hoe die nuwe gebou daaruit sal sien.

Aan die regterkant van die argitekstekening (onder die bome) kan dié deel van die ou koshuis gesien word, wat behoue bly. Dit is die ou eetkamer-deel, met bygaande vertrekke, wat deur sy mooi verhoudinge gekenmerk word en 'n sprekende voorbeeld van die sobere Kaapse boustyl van die negentiende eeu is. Soos verder opgemerk kan word, word hierdie ou deel met die nuwe deel verbind deur middel van 'n poort, wat toegang verleen tot 'n groot ingeslote binneplein. Hierdie poort is in die gees van ons ou Kaapse styl, en maak die oorgang uit van die ou deel na die nuwe.

Oweringens sien ons die groot nuwe deel. Dit is veel groter as die ou deel wat eers hier gestaan het. Terloops, teenoor die 109 inwoners van die ou Wilgenhof, sal die nuwe Wilgenhof ongeveer 180 huisves. Daar is getrag om hierdie groot nuwe deel in harmonie met die waardige ou eetkamergebou te bou. Tegelyk is getrag om iets van die voorkoms en atmosfeer van die ou koshuis te bewaar, wat deur sy rye eenvoudige vensters gekenmerk was en daarom die populêre naam, die Bekfluitjie, gekry het.

Die hele kompleks word met 'n eenvoudige ringmuur omring, wat 'n gees van rustigheid en welléwendheid - net soos by die ou Kaaps-Hollandse wonings - moet ademe.

In die planne van die nuwe Wilgenhof is daar sekere punte wat vreemd mag voorkom vir iemand wat nie die geskiedenis van die voorafgaande onderhandelinge in verband met die nuwe gebou, ken nie. Die huidige en oud-Wilgenhoffers het hulle hartlike samewerking gegee, soos blyk uit die feit dat hulle selfs meer as R30,000 vir die oprigting van die nuwe koshuis byeengebring het. Vanselfsprekend het die Universiteitsraad dus in hoë mate met hulle wense rekening gehou. Ek noem net 'n paar voorbeelde hiervan.

Die gebou staan, net soos die geval met die ou gebou was, nie haaks met die strate Ryneveldstraat en Victoriastraat nie, en die Wilgenhoffers het dringend gevra dat die nuwe gebou ook só moet staan. Die ou gebou was egter wel haaks met die

ou/.....

ou Stellenbosse straat, Het Oude Stellenbosche Wagenpad, soos dit op historiese kaarte aangemerk word. 'n Entjie suidwaarts van Wilgenhof, by die huidige Joodse sinagoge-gebou, het daar 'n ander ou geboutjie bewaar gebly wat ook só staan.

In die binneplein is daar by die tweede en derde verdiepinge lang balkonne, wat almal regstreeks op die plein uitkyk. Dit is enigins ongewoon dat hier nie van gange binne-in die gebou gebruik gemaak word nie, maar die verklaring lê daarin dat die Wilgenhoffers dringend om hierdie reëling ge-vra het. Die ou gebou het dit só gehad, en die inwoners het gevind dat die geselligheid van hulle koshuis - en daarmee die huisgees- hierdeur gebaat word.

Derdens mag die besoeker dit vreemd vind dat ál die kamerdeure regstreeks op die balkonne uitgaan en nie in afge-slote portale of gange nie. Ook dit is die gevolg van 'n wens van die Wilgenhoffers, wat uit ondervinding geweet het dat 'n goeie huisgees ook deur so 'n reëling bevorder word.

Hierdie punte blyk natuurlik nie uit die argiteksteke-kening nie, aangesien dit 'n perspektief-tekening vanuit 'n be-paalde hoek is en nie 'n plattegrond nie. Maar die belangstel-lende wat die plattegrond van die gebou bekyk of die bouery self gádeslaan, sal al gou iets daarvan agterkom. Hy sal ook nog ander punte van hierdie aard vind, en aldus verdere voorbeelde daarvan kry hoedat die Universiteit met die begeer-tes van die inwoners en oud-inwoners rekening gehou het.

Aldus ontstaan dan nou die nuwe Wilgenhof; en só het hy sy besondere vorm en voorkoms gekry. Vir die Universi-teit was dit 'n genoeë om so hartlik met huidige en oud-Wilgen-hoffers saam te werk. Die Universiteit spreek graag sy waar-dering teenoor hulle uit vir wat hulle gedoen het om 'n mooi erfenis en besielende tradisie te bewaar.